DEEL 114 | WEEK 36 | 9 SEPTEMBER 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR


# Met graaf in hand...

## *Begin Bronnies saam bome plant!*



Die eerste week van September word beskou as Nasionale Boomplantweek. Vanjaar het AfriForum en die leerlinge van Hoërskool Heilbron se grondslagfase Donderdag die dag spesiaal gemaak deur bome te plant ter viering van boomplantdag. Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum Heilbron, verduidelik dat hulle die 50 witstinkhoutbome geborg het om bewusmaking by kinders te kweek. Met die plant van inheemse bome word nie net die omgewing bewaar nie, maar ook hoop gegee vir die toekoms. Bronnies begin die nuwe seisoen met die oog op die dorp se welstand en simboliseer dit so ook hoop vir die land en sy mense. Gerrie het ook aan die leerlinge verduidelik wat die belangrikheid van bome is vir die mens en die omgewing. Interessante feite is met die kinders gedeel. Onder andere, dat 'n rugbyveld vol bome slegs vir 18 mense suurstof sal voorsien in die tydperk van 'n jaar. Na AfriForum vir die kinders 'n opvoedkundige les aangebied het, het elke graad vanaf Graad R tot en met Graad 3 die geleentheid gehad om 'n verskil te maak en 'n boom te plant. Ten slotte: "Saam moet ons hierdie land opbou sodat almal kan floreer."

*OP BLADSY 2*



*Geliefde inwoner op 6 September oorlede en word more ter ruste gelê.*

*OP BLADSY 3*



*Heilbron-boer van PCG Brahmane uitblinker by spoggeleentheid te Parys.*

*OP BLADSY 4*



*Heilbron inwoner ontvang oorkonde vir 42 jaar in die musiekbedryf.*






# Uit die pen: Week 36 van 2022



Ek was, teen daardie tyd, alleenloper. Vir amper tien jaar lank. Die vorige ernstige verhouding het my net so ernstig verwond gelaat, en ek het besluit dat dit regtig 'n wonderwerk sal wees voordat ek myself weer in so iets begewe. En aangesien ek nie self sou weet of dit dalk die regte man sou wees nie, het ek ernstig met die Here daaroor gepraat.

As ek die regte man ontmoet, vra ek, sal Hy asseblief vir my duidelik wys dat dit hy is? Ek is maar effens blind en soms hardhorend as Hy met my praat, kan Hy dit asseblief so reël dat my oë dalk oopgemaak kan word deur iets soos blomme. Maar ek moet die blomme duidelik kan sien. En net vir in geval ek nie die blomme raaksien nie, kan Hy asseblief my aandag trek deur iets wat blink of flikker, net sodat ek seker kan wees.

En as dit so moet wees dat ek die res van my lewe sonder 'n maat moet wees, laat my dit ook so aanvaar.

Vir jare het hierdie in my agterkop gebly, maar ek het geen tekens gesien nie. Daar was baie kuiergaste en (ek hoor die jonges noem dit so) potentials, maar dit was net lekker terwyl dit gehou het. Later het die hoop vervaag.

Ek was baie betrokke by die plaaslike kerk: wanneer daar nie 'n orreliste was nie, het ek agter (of is dit nou voor?) die pyporrel ingeskuif en die gemeente begelei. Ons het ook 'n aanddiens gehad waar ons orkes gespeel het, partykeer was ons net twee musikante, soms meer. Ek het elke oomblik daarvan geniet.

Een Sondagaand, aan die begin van Meimaand 2014, woon 'n onbekende man die aanddiens by. Ek land tussen hom en 'n vriendin. Daardie aand is dit snikheetwarm en ek sweet soos 'n vark wat op pad is slagpale toe. Nou sekerlik nie 'n baie begeerlike prentjie nie. Ons maak kennis, en dit is dit. Of so het ek gedink.

Hy werk in dieselfde omgewing as waar my kantoor was, en een mooi dag nooi hy my vir koffie by die plaaslike Wimpy. Ek drink nie koffie nie. Al vir jare nie. Maar ek gaan toe maar.

Met die instap sê hy: "Ek is nie op soek na 'n verhouding nie."

Ek dink in my binneste dat hierdie regtig 'n snaakserige mens is. Hy nooi my vir koffie, en die openingslyn van sy gesprek slaan my totaal dronk. Daardie middag, toe ek saam met my twee vriendinne gaan oefen, vertel ek vir hulle: "Ek het vandag 'n weird dag gehad. Daar was hierdie weird ou…"

'n Paar dae later stuur hy vir my 'n boodskap: As my van nou so-en-so is, en ek kom van 'n sekere Vrystaatse dorp af, het ek ooit vir Annalien geken? Sy het rooi hare gehad, was met Frank getroud, en is in 2005 dood in 'n motorongeluk. Ek voel hoe my nekhare rys. Jy ken mos: daai gevoel wat jy kry as jy verseker weet dat iemand jou dophou, maar jy het geen idee waar hierdie persoon is nie. Ek is doodseker dat ek met 'n stalker te doene het. Die vraag is nou: ignoreer ek hom of hou ek die geselskap aan die gang om meer uit te vind?

Die vorige keer toe ek so 'n naamlose boodskap aan die gang gehou het, het ek agtergekom dat dit die (getroude!) buurman was wat by my aanlê. Grillerig. Regtig.

Iedergeval: ek reageer toe op sy boodskap. Ja, ek het vir Annalien geken. Sy was my sussie. Sy is in 2004 dood en hoe weet jy daarvan?

Sy boodskap slaan my dronk: Want ek was Frank se beste vriend toe ons op Universiteit was.

En ewe skielik weet ek wie hierdie vreemde man is wat my vir koffie genooi het: ek het baie van hom gehoor deur my sussie en swaer, veral toe hulle nog studente was.

Hy wil weet of hy by my huis vir my kan kom kuier. Nee, volstrek nie. Ek laat nie sommer enige mens, veral nie diegene wie ek nie ken nie, in my huis toe nie. Siestog, hy het dit 'n paar keer probeer, totdat ek nie meer kon weier nie. Ons het mekaar later beter leer ken en is die einde van Mei in daardie jaar, as vriende (let wel!) saam na 'n verjaardagpartytjie.

'n Snaakse ding gebeur: omtrent so maand nadat ons mekaar ontmoet het, sê hy dat hy met my gaan trou. O, nee, boetietjie, dink ek, die Here het nog niks vir my daaroor gesê nie.

Dié man se familie het in Pretoria gewoon, en een mooi naweek, nadat hy by die familie gekuier het, kom hy na my huis toe. Hy het vir my 'n paar goed gebring, dalk sal ek dit kan gebruik.

Hy haal 'n platiese asblik uit die motor met 'n rol foelie: ek wou mos so graag 'n vlekvrye staal asblik gehad het, en hy het nou gedink dat ek hierdie asblik met foelie kan oortrek, en siedaar: 'n Vlekvrye staal asblik.

O, nee.

Hy maak die plastiese asblik oop, en haar 'n pot vol pienk lelies uit. Te pragtig, baie dankie!

Hy vroetel verder en haal 'n groot boks uit: binne-in is 'n regte vlekvrye staal asblik.

Dit slaan my soos 'n voorhamerhou. Dis presies wat ek van die Here gevra het: blomme en iets wat blink!

Ek bars in trane uit. Siestog, die arme man weet nie wat om te doen nie.

"Is dit die verkeerde asblik?" vra hy.

"Nee, nou moet ek met jou trou!" Ek huil onbedaarlik, nie omdat ek hartseer is nie, maar omdat die oomblik amper tasbaar-heilig was.

Net nog 'n teken dat daar regtig 'n Here is, dat Hy regtig hoor en dat Hy regtig verhoor!

Ons is die volgende jaar, op 28 Februarie 2015 getroud. Na nege maande.

En ja, hierdie is my goeie man na wie ek telkens in my skrywes verwys.

Volgende week vertel ek van die einde wat aangebreek het.

# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte **T13221/2013** gepasseer deur Boedel wyle **WILLEM JOHANNES SCHEEPERS, Boedelnommer 3859/2012** ten gunste van Die Trustees van die tyd en wyl van die **SIMEON TRUST, Registrasienommer IT1167/2003** ten aansien van sekere eiendomme tewete:

**1. PERSEEL 763 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 33,7471 (DRIE EN DERTIG KOMMA SEWE VIER SEWE EEN) Hektaar

**2. PERSEEL 734 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 30,6250 (DERTIG KOMMA SES TWEE VYF NUL) Hektaar

**3. PERSEEL 44 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,8581 (EEN KOMMA AGT VYF AGT EEN) Hektaar

**4. PERSEEL 45 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**5. PERSEEL 46 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**6. PERSEEL 47 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**7. PERSEEL 48 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,8581 (EEN KOMMA AGT VYF AGT EEN) Hektaar

**8. PERSEEL 49 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,8581 (EEN KOMMA AGT VYF AGT EEN) Hektaar

**9. PERSEEL 50 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**10. PERSEEL 51 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**11. PERSEEL 71 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**12. PERSEEL 72 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**13. PERSEEL 73 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**14. PERSEEL 75 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,8581 (EEN KOMMA AGT VYF AGT EEN) Hektaar

**15. PERSEEL 76 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**16. PERSEEL 77 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**17. PERSEEL 78 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 2,0915 (TWEE KOMMA NUL NEGE EEN VYF) Hektaar

**18. PERSEEL 97 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,8581 (EEN KOMMA AGT VYF AGT EEN) Hektaar

**19. PERSEEL 98 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**20. PERSEEL 99 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**21. PERSEEL 100 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,7488 (EEN KOMMA SEWE VIER AGT AGT) Hektaar

**22. PERSEEL 101 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,8581 (EEN KOMMA AGT VYF AGT EEN) Hektaar

**23. PERSEEL 102 ROODEPOORT**
NEDERSETTING, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT
GROOT 1,8581 (EEN KOMMA AGT VYF AGT EEN) Hektaar

wat verlore geraak het of vernietig is.


Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein, te die kantoor van die Registrateur, kamer B29 binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.


Gedateer te PARYS op hede die 5de dag van SEPTEMBER 2022.

**APPLIKANT:**
**TRUSTEES VAN SIMEON TRUST**
**P/A EBEN KRIEK INCORPORATED**
**17 KERK STREET**
**P.O. BOX 256,**
**PARYS, 9585**
**TEL.: 056-811 2323**
**E-MAIL: CONVEY@KRIWYK.CO.ZA**

# GELIEFDE HEILBRONNER WORD TER RUSTE GELÊ

Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van Melda Houy na haar skielike afsterwe op Dinsdag, 6 September. Melda sal onthou word vir haar omgee-hart, lewenslustigheid en helder lag. Sy laat haar eggenoot, twee dogters en drie sussies agter. Haar begrafnis vind plaas op die 10de September te NG-Moedergemeente, Heilbron.






POSTNET HEILBRON
Besigheidsure:
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

# SUSAN VAN COLLER / VAN AS



*• Quarta Pretorius*

Op Saterdag 28 Augustus is 'n oud-Heilbronner en oudskolier van Heilbron Hoërskool se as op haar pa oom Nollie van Coller se graf op die ou familieplaas Boschdraai geplaas. Die asplasing is bygewoon deur haar kinders, kleinkinders, susters Gerda en Corrie en haar skoonsuster Ellie, asook naaste familielede. Dit was haar wens dat haar as op haar pa se graf in Boschdraai begraafplaas geplaas moet word. Na die asplasing het almal saam iets gaan geniet by die Padstal en lekker saam gekuier. Dalk is daar nog van haar oudskoliere maats wat haar onthou. Sy het 1957 hier gematrikuleer en ek onthou dat Cor Roos en Attie Howell saam met haar in die klas was. Ons eer haar nagedagtenis.


Baie dankie aan Jannie Els wat Boschdraai se begraafplaas so mooi skoongemaak het. Ek glo haar kinders het dit baie waardeer.




*Jannie Els, Quarta Pretorius, skoonsuster Ellie van Coller en Alida Els.*

# SÓ VIER TOKOLLO HOSPITAAL LENTEDAG






*Tokollo Hospitaal het vroeg Vrydagoggend die koue aangedurf met ȟ heerlike pretstappie. Die hospitaal se werknemers het ook terselfdertyd Lentedag gevier.*

# PCG BRAHMANE UITBLINKER BY SPOGGELEENTHEID

Heilbron-boer Pieter Greeff, het onlangs 'n toekenning ontvang in die kategorie vir die volledigheid van prestasiemetings in kudde kleiner as 120. Die toekennings het plaasgevind in Parys by die Afridome-skougronde wat deur die Brahman Beestelersgenootskap aangebied is. Hierdie is ȟ jaarlikse dinee wat aangebied word en lede asook uitblinkers vereer word vir hulle bevordering van die ras. Die toekennings is gebaseer op verskeie meriete, in 'n tydperk vanaf 1Augustus 2021 tot 31 Julie 2022. Pieter het met sy kudde PCG Brahmane 'n tweede plek losgeslaan met drie en 'n half sterre.






*Op foto bo van links Riaan en Heleen Theron (RAT Brahmane), Pieter en Chrismari Greeff (PCG Brahmane) en Wayne Porter, President van Brahmangenootskap) Foto erkenning: Agriorbit*

# LEER KEN ONS BUURDORPE



Die Huppel Trippel Klub het gister vragte inligting gekry oor Edenville, Deneysville en Oranjeville. Dis verstommend hoe min ons oor ons buurdorpies weet, maar nou weet ons baie meer oor hierdie dorpies se ontstaan en geskiedenis. Op 20 September gaan die lede heerlik buite piekniek hou en speletjies speel. Elza Kriel sal die aanbieder wees.

## ONTMASKER EN POSITIEWER AS OOIT




Foto erkenning aan Tanya van Rooyen en André Pretorius Fotografie vir Hoërskool Heilbron se Revue foto's verlede week in die Heilbron Herald.





SHERIFF AUCTION
NOTICE OF SALE:
CONTENTS OF PANELBEATER

AUCTION DATE:
10 SEPTEMBER 2022 AT 13H00
AUCTION ADDRESS:
PLOT NO. 3 HEILBRON, FREE STATE.



WAM AIR COMPRESSOR P30,
HEAVY DUTY WELDING MACHINE,
HYDRAULIC HAND PUMPS,
IND. EXTRACTION FAN,
TRIPOD STANDS, STEEL TABLES
STEEL CABINETS, STEEL BENCHES,
ASSORTED TOOLBOXES AND TOOLS,
OFFICE FURNITURE.

FOR MORE INFORMATION PLEASE CONTACT
THE SHERIFF ON 058 853 0490,
WYNAND MINNIE OR LOUISE

NO CATALOGUE AVAILABLE.

THE SHERIFF: NO VIEWING PRIOR TO AUCTION

# COMPETED AT PROVINCIAL LEVEL



*3 Learners from Sandersville Combined School competed at Provincial Level in Bloemfontein. The school are very proud of them. Left: Jack Junior Mathige. Middle: Adidja Zaher. Right: Mokang Mosia.*

# SILVERRANDJIE NA LANG SOEKTOG



Na 'n landwye soektog wat 5 dae geduur het na die 18-jarige Deane Duminy, was daar uiteindelik 'n silverrandjie om die donker donderwolk. Deane is Maandag ongedeerd gevind en met haar familie herenig, nadat sy Vrydag die 2de September spoorloos verdwyn het. Deane het saam met haar ma, Rita, Vrydag Kroonstad toe gery om die gesin se motor by die Ford-handelaar te laat diens. Rita vertel dat albei by die werkswinkel uitgeklim het en Deane by die ingang gewag het terwyl Rita die sleutel ingegee het. Na Rita se terugkeer was Deane nêrens te vind nie en het sy dadelik na haar begin soek. Rita het ook vir die werknemers van die besigheid gevra om hul kameras na te gaan, maar as gevolg van 'n probleem met die kragkabels was die kamers buite werking. Daar was ook geen persoon in die omgewing van die werkswinkel wat enige iets verdag waargeneem het nie. Na 'n tyd het sy besluit om die polisie in kennis te stel, maar hulle was egter onbehulpsaam. Op die polisie se versoek het sy foto's van Deane vir hulle gevat. Daarna moes sy egter steeds sonder die polisie se hulp met haar soektog voortgaan voordat hulle 'n saak sou open. Sy het aangedring daarop, maar eers Maandag 'n saaknommer ontvang. Deane is laatmiddag met haar gesin herenig. Die familie het almal bedank wat gehelp het en gevra dat hul privaatheid gerespekteer word.

# REITZ LEERDERS PRESTEER



*VOORTREKKERS: Die Jeugberaad is by Doornkloof aangebied en die leerders verwerf volgende sertifikate:*
*Herman Tesner (Foto regs) - Afrikanertradisies en Verfbal*
*Kieta Becker (Foto links) - die Nutsman en Christelike weerbaarheid.*



*ATKV SKRYFKOMPETISIE: Lisa Hills verwerf 'n 2de plek in die ATKV-tak van Bethlehem se Kreatiewe Skryfkompetisie.*



*VOORTREKKERS: Luke Ellis het sy Presidentsverkennertoekenning verwerf en Henk van Staden het die bobaassertifikaat verwerf.*



*SPEELTONEEL – ABS Produksies Megan Krüger is gekies om saam met Vilje Maritz en ander in 'n kortfilm te speel. Die film is reeds geskiet in die Julie vakansie en sal uitgesaai word aan die einde van die jaar op die Via-Kanaal.*



*KRIEKET: Carlo Cilliers en Adriaan Nel, speel vir Oos-Vrystaat 0/11B Oos-Vrystaat wen Fezile Dabi Suid met 126 lopies. Adriaan maak 26 lopies en Carlo 17 lopies met 'n vangskoot.*



*KRIEKET: Jehoshua de Bruyn wat gekies is vir die TBM o/19 A krieketspan.*

• Valid from 9-16 September 2022 at Herald Office National for in store payments only.
• One coupon valid per person, per payment.
• Coupon valid for single use only.
• Not valid on prior purchases or accounts.
• Present entire coupon at time of purchase.
• Only original newspaper cut-out count
SAVE R10 CUSTOMER COUPON
• Only for payments more than R100
• T's & C's Apply
Office National

Hoërskool Heilbron
ONDERWYSPOS
BEHEERLIGGAAM AANSTELLING
GRONDSLAGFASE
Aanvangsdatum 1 Januarie 2023
Rig volledige aansoek aan: skoolhoof@hsheilbron.co.za
Navrae: Mnr David Knight
Tel: 058 852 3007
E-Pos: dk@hsheilbron.co.za
Sluitingsdatum: 23 September 2022

# PETROLPRYS VERWELKOM

Motoriste sal vanaf hierdie week met breë glimlagte rondry. Dit is nadat daar Woensdag 'n reuse daling in die brandstofprys was. Volgens 'n mediaverklaring deur die minister van Minerale, Hulpbronne en Energie, mnr Gwede Mantashe, word die aanpassing van brandstofpryse gegrond op plaaslike asook internasionale faktore. Internasionale faktore sluit in die feit dat Suid-Afrikaners Brent ru-olie invoer teen 'n prys wat op internasionale vlak vasgestel word, insluitend invoerkostes. Motoriste betaal huidiglik:

R2.04 per liter minder vir Petrol (alle grade)
R0, 56c per liter minder vir 0.05%-sulfaat-diesel
R0,45c per liter minder vir 0,005%-sulfaat-diesel en
R1,65 per kg vir LP-Gas.



# 'N WEN VIR BRONNIES

*TENNIS: Die O/10 junior seuns en meisies van Hoërskool Heilbron het tennis gespeel teen Parys en gewen. Op die foto vl: PL Snyman, Luan Bornman, Rudie Jonker en Jurie Jonker.*



# ISABEL ONTVANG OORKONDE

Isabel Kruger het onlangs by die SAKOV byeenkoms by die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein, 'n oorkonde ontvang vir 42 jaar in die musiekbedryf. Isabel vertel dat sy musiek geneem het vanaf die ouderdom van nege en in Hertzogville kerkorrel begin speel het op die ouderdom van 17. Sy het haar Unisa eksamens afgelê en later in Potch studeer en ook 'n beurs ontvang. Die beurs het Isabel in staat gestel om haar verder te bekwaam. In 2008 het sy in Spanje gaan toer en in die katedraal El Carmen in Jerez la Frontera saam met hul koor opgetree. Sy het ook verskeie orreluitvoerings gegee saam met Martin Mans van Nederland en Jan Elsenaar. Isabel is tans 'n voltydse orrelis in Kroonstad.



# KENNISGEWINGS

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T1952/2006** passed by
**RIAAN THERON**
**Identity number: 601125 5067 085**
and
**MARGERY THERON**
**Identity number: 630328 0141 005**
Married in community of property to each other
in favour of
**MOSES MOEKETSI MANTORO**
**Identity number: 600404 5432 081**
and
**SUSAN MANTOA MANTORO**
**Identity number: 600925 0601 080**
Married in community of property to each other:
**In respect of:**
**ERF 376 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 1160 (ONE THOUSAND ONE HUNDRED AND SIXTY) SQUARE METRES**
**Held by Deed of Transfer T1952/2006, which has been lost or destroyed.**
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 5th day of September 2022.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**REF: JAN67/0001/JHJ/ldup**

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T13385/2008** passed by
**THE EXECUTOR OF THE LATE ESTATE FRANS JOHANNES VAN AARDT**
**ESTATE NUMBER: 2639/2007**
in favour of
**1. EMMERENTIA ELIZABETH DE KLERK**
**Identity number: 670916 0028 080**
**WIDOW**
**2. MAGARETHA MULLER**
**Identity number: 690407 0012 080**
**Married out of community op property**
**3. LORINDA VAN AARDT**
**Identity number: 701114 0014 085**
**Unmarried**
**4. CELESTE BRONKHORST**
**Identity number: 720506 0064 084**
**Unmarried**
In respect of:
**ERF 359 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 1160 (ONE THOUSAND ONE HUNDRED AND SIXTY) SQUARE METRES**
**Held by Deed of Transfer T13385/2008, which has been lost or destroyed.**
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 5th day of September 2022.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**REF: DEK3/0001/JHJ/ldup**

## LOST OF DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T13384/2006** passed by
**THE EXECUTOR OF THE LATE ESTATE FRANS JOHANNES VAN AARDT**
**ESTATE NUMBER: 2639/2007**
In favour of
**1. JOHANNA JACOBA VAN AARDT**
**Identity number: 590424 0073 088**
**2. EMMERENTIA ELIZABETH DE KLERK**
**Identity number: 670916 0028 080**
**Married out of community of property**
**3. MAGARETHA MULLER**
**Identity number: 690407 0012 080**
**Married out of community of property**
**4. LORINDA VAN AARDT**
**Identity number: 701114 0014 085**
**Unmarried**
**5. CELESTE BRONKHORST**
**Identity number: 720506 0064 084**
**Married out of community of property**
In respect of:
**ERF 357 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
**IN EXTENT 870 (EIGHT HUNDRED AND SEVENTY) SQUARE METRES**
**Held by Deed of Transfer T13384/2008, which has been lost or destroyed.**
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 5th day of September 2022.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**REF: DEK3/0001/JHJ/ldup**

## BEDANKING

Hiermee wil ek almal hartlik bedank wat op Saterdag 3 September gehelp het om die vuur te blus op die plaas Krabfontein, dit word opreg waardeer. **Dankie Flip Snyman**

JCJ SWEISWERKE
**Kerkstraat 19, Koppies**
Ons doen alle sweiswerke, groot of klein.
**Tel: 082 967 3496**
**Whatsapp: 076 888 5739**

**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak**
HENDIE LÖTTER
by
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

**BLOEDSKENKDATUMS - 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**



finance@heilbron.co.za | 058 852 3033
*Pices valid until end of August 2022 | Prices include VAT*




# TE KOOP

**VOER TE KOOP**
**Kontak**
**Botha Mouton**
**083 688 8256**




BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

HOU ONS DORP SKOON!!

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
**· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00**
**· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00**
**· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00**
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

# TE HUUR

*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## BIBLIOTEEK OOP


***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# NOG 'N KOPPIE VIR RUAN

Kompetisie in sport haal die beste uit jou uit. Dit was duidelik Saterdag die geval tydens die maandbekerkompetisie toe Ruan Mienie en Willem Loots die eerste en derde plek behaal het. Hulle moes alles uithaal om vir Johan Nelson en Willie Pretorius te klop in die dubbeluitspeelwedstryd.

Ruan wen die HBA maandbeker met 'n netto telling van 68 met Vian Leeb een hou agter hom met''n telling van 69. Was dit nie dat die Wallaby skrumskakel, Nick White, hom so onstel het nie, kon hy dalk die maandbeker gewen het. Willem eindig derde, ook op 69 na 'n uittel.

Heilbron se Rydercup kaptein, Julyan Bruyns, doen 'n beroep op die spanlede om te kom speel en oefening te kry voor die groot kragmeting op 23 September.

Môre is dit gewone spel en inskrywings vanaf 11:00.

# ROLBALSPELERS PRESTEER

Heilbron Rolbalklub loop weer breëbors rond nadat Rudi en Tracy Jacobs, asook Hannalie Claassen, vir Noord Vrystaat gekies is.

Rudi en Tracy was vir baie jare lede hier by Heilbronklub, maar in Parys woonagtig. Vir 'n paar jaar het hulle ook daar 'n groot bydrae tot Noordwes-rolbal gemaak, maar alle paaie lei nie altyd na Rome nie, soms lei die paaie weer terug na Heilbron.



*Op die foto vl: Rudi Jacobs, Hannalie Claassen en Tracy Jacobs*

Soos Gary Player altyd sê: "the more you practice the luckier you get", en hierdie uitdrukking is absoluut gepas wat Hannalie Claassen aanbetref, aangesien sy elke geleentheid gebruik om te oefen en haar spel te verbeter.

Tydens Rolbal Suid Afrika se algemene jaarvergadering is daar verskeie wysigings aangebring m b t die affiliasie van spelers.

Vir die 2023 seisoen word die betaling van affiliasiegelde wat gebaseer was op die getalle van spelers, vervang met 'n eenmalige bedrag wat deur die provinsie aan BSA betaalbaar sal wees. Dit is weer gebaseer op die getalle van 2022 se geaffilieerde spelers.

Affiliasie, en die toepassing daarvan by klubs en distrikte, bly steeds die prerogatief van die verskillende besture.

Die lede is almal op hete kole dat die baan weer open en dit voel vir almal of die gras nie vinnig genoeg groei nie. Geduld is maar skaars as jy lus is vir rolbal speel.

# JEUGSKIETDAG 3 SEPTEMBER WAS GOED BYGEWOON




*Op die foto vl: Beau du Plessis, Jessica van der Walt, Carina van Niekerk, Koos van Niekerk, Gerhardt Engelbrecht, Hennie Viviers, Lee Anne Viviers. Voor vl: Hannes en André Joubert.*

**Die wenners van die dag was soos volg:**

**GRAAD R - GRAAD 3**

**WINDGEWEER:**

1ste - Hennie Viviers, 2de - Wilhelm Dreyer, 3de - Koos van Niekerk.

**.22:**

1ste - André Joubert, 2de - Koos van Niekerk, 3de - Wilhelm Dreyer.

**ALGEHEEL: GRAAD 3**

1ste - Hennie Viviers, 2de - Koos van Niekerk, 3de - Wilhelm Dreyer.

**GRAAD 4 - GRAAD 12**

**WINDGEWEER:**

1ste - Carina van Niekerk, 2de - Lee Anne Viviers, 3de - Hannes Joubert.

**.22:**

1ste - Lee Anne Viviers, 2de - Gerhard Engelbrecht, 3de - Hannes Joubert.

**JAGGEWEER:**

1ste - Hannes Joubert, 2de - Carina van Niekerk en Chanelle Engelbrecht, 3de - Kobus Engelbrecht.

**ALGEHEEL:**

1ste - Carina van Niekerk, 2de - Hannes Joubert, 3de - Gerhardt Engelbrecht.

**Die klub wil net graag die volgende borge bedank:**

- Twist and Curl - Liezel
- Nappy Nation - Ericka
- BBB Abattoir - Rooies
- Els Medsorg - Hennie (Ma)

Ouer en kind is gewen deur Beau du Plessis en Jessica van der Walt met 'n voltal en 6V kolle.

Die volgende skietdag is 17 September vir manne en vroue wat hulle Chasa balkies wil verbeter.













BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 13 SEPTEMBER 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

HERTZOGVILLE GERSURÉ SUFFOLK STOETERY
30 Suffolks & 270 SAVM's
11:00, Skougronde
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**WOENSDAG - 14 SEPTEMBERS 2022**

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

KROON-BOMA: PRO GENEPOEL HARTMAN, VAN NIEKERK & GRIESEL
135 SAVM's
11:00, Kroonstad
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

**DONDERDAG - 15 SEPTEMBER 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

FOURIESBURG - CLARENS: BOSIU BORANE
115 Beeste
11:00, Oranje Gasteplaas
Kontak 082 490 7481

**VRYDAG - 16 SEPTEMBER 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

HERTZOGVILLE: DKL PROPERTY TRUST
1138 Dohne x skape, toerusting en implemente
11:00, plaas Zoutpan
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**VRYDAG - 17 SEPTEMBER 2022**

STANDERTON HoËVELD VEILINGSKOMPLEKS:
19de OOSTELIKE ILE DE FRANCE KLUB
230 Skape
11:00, Standerton
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**